**LAERSKOOL** **KRUGERPARK**

# LAERSKOOL KRUGERPARK KULTUUR BELEID

**"Kuns verteenwoordig nie die uiterlike voorkoms van dinge nie, maar die innerlike betekenis daarvan" - Pablo Picasso -**

Kultuuraktiwiteite is van groot opvoedkundige waarde vir leerders. Dit ontwikkel 'n positiewe selfbeeld en skep selfvertroue wat van die grootste belang is in die proses van volwasse wording.

Laerskool Krugerpark bied uitstekende geleenthede aan elke kind om tot sy of haar volle potensiaal te ontwikkel. Op kultuurgebied maak leerders keuses en word gelei om hulself uit te leef, d.m.v. verskeie kultuuraktiwiteite wat aangebied word.

Dit is Laerskool Krugerpark se visie en missie om 'n kultuurplatvorm te skep, sodat soveel leerders moontlik blootgestel kan word aan kultuur. Laerskool Krugerpark wil graag as 'n Christelike Afrikaanse kultuurgebonde skool bekend staan.

KULTUUR bestaan uit:

1. Redenaars
2. Kunsfees - Drama Afdeling
3. Kunsfees - Vokaal- en instrumentale afdeling (slegs privaat afrigting)
4. Revue - elke 2de jaar
5. Trompoppies

## Redenaars:

Laerskool Krugerpark bied elke jaar 'n Interne Redenaarsaand in Februarie aan. Daar is 3 afdelings. (Graad 1-3), (Graad 4 en 5) en Seniors (Graad 6-7). Leerders neem eers deel aan 'n uitdunrondte, waarna die leerders dan deelneem aan die Interne Redenaarsaand.

Die wenners van hierdie kompetisie neem aan die ATKV-Redenaarskompetisie deel. Dieselfde reëls wat vir die ATKV kompetisie geld, word hier toegepas. 'n Baie hoë standaard word gehandhaaf en leerders vaar goed.

Leerders neem ook deel aan "Op die tong af en Radikale redenaars. Individueel sowel as Junior en Senior span redenaars.

**Kunsfees - Drama afdeling:**

Die Bosveldkunsfees is al 'n jaarlikse instelling gedurende Meimaand. Dit vind plaas by Hoërskool Piet Potgieter en deelnemers vanaf Graad R tot matriek neem deel. Deelnemers vanaf ander dorpe mag ook deelneem.

Deelname aan die items geskied deur oudisies. Daar word 'n afrigter aangewys wat vir 'n spesifieke graad verantwoordelik is. Onderwyser reël dan self afsonderlik met leerders oefentye.

Alle Formele werke word in skooldrag gedoen, maar die gedramatiseerde werke geskied in swart klere en behels die gebruik van blokke.

Leerders vaar elke jaar besonder goed en lewer elke jaar 'n paar algehele afdeling-wenners op. Leerders van die skool kan ook deur 'n Drama-skool ingeskryf word en geniet dieselfde erkenning.

**Kunsfees: Vokaal- en Instrumentale afdeling:**

Dit word jaarliks gereël deur die Departementele Musieksentrum by Hoërskool Piet Potgieter. Dit vind in Augustusmaand plaas.

Instrumentele leerders is lede van die musieksentrum. Hulle word onderrig in klavier, viool, blokfluit en dwarsfluit. Sertifikate word vir prestasies toegeken, asook balkies vir deelname, mits aan die vereistes voldoen word. Personeel van Krugerpark is nie betrokke by die onderrig van die Instrumentele leerders nie.

Die vokale deelnemers aan die Bosveld Kunsfees word deur privaat afrigters of deur musieksentrum afgerig.

Leerders geniet erkenning van hul prestasies tydens die meriete aand, mits hul aan die vereistes voldoen. Leerders ontvang ook trofees en kontantpryse as wenners van 'n afdeling.

**Revue:**

Die Revue vind elke tweede jaar plaas, alternatief met Hoërskool Piet Potgieter.

Massa deelname word as uitgangspunt gebruik, maar leerders het steeds 'n keuse vir deelname al dan nie. Ouers moet skriftelik toestemming verleen.

'n Revue-komitee bestaande uit 'n Revue-verteenwoordiger van elke graad is verantwoordelik vir die sukses van die Revue. Elke graad bepaal hul eie optrede, soos kies van liedjies, kleur, kleredrag, rekwisiete ens. 'n Vasgestelde bedrag geld word gehef vir alle grade vir kleredrag en moet deur leerders betaal word. Geldelike hulp word verleen indien nodig.

Onderwysers sorg ook vir 'n verrassingsitem om die aand mee af te sluit. (Tot groot vermaak van die leerders).

Daar word nie met Revue na 'n groot wins gestreef nie, maar eerder om die estetiese en onderlinge samewerking tussen leerders en onderwysers te bevorder.

**Trompoppies:**

Sien aangehegte Trompoppie-beleid.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

______________________________ ______________________________

Beheerliggaamvoorsitter Hoof: Laerskool Krugerpark